**4.2**
**GESKENKE**

**Beleidnr: Finansieskomitee 22/04/09**

**Bestek: Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing met die gee en ontvang van geskenke.**

**Beleid:**

**DIE AANKOOP VAN GESKENKE**

Geskenke aan personeel is beperk tot ŉ waarde van R500 per geleentheid en is belasbaar in die hande van die ontvanger. Enige oorskryding van die limiet van R500 moet voor die aankoop van die geskenk voorgelê word aan die VS-hoof of sy/haar gedelegeerde vir aanbeveling vir goedkeuring deur die Direkteur: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

Geen geskenke of blomme mag aangekoop word vir persoonsverwante herdenkings, byvoorbeeld verjaarsdae, huwelike of huweliksherdenkings nie. Geskenke of blomme vir persoonverwante gebeure (slegs geboortes, dood en siekte in die direkte familie, soos gedefinieer in die Menslike Hulpbronbeleid vir menslikheidsverlof, van ŉ personeellid) mag aangekoop word, maar is beperk tot ŉ waarde van R500 per geleentheid. Alle geskenke aan personeel moet vergesel word van ŉ motivering vir die geskenk.

Enige oorskryding van die limiet van R500 moet voor die aankoop van die geskenk voorgelê word aan die VS-hoof of sy/haar gedelegeerde vir aanbeveling vir goedkeuring deur die Direkteur: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

Geskenke aan buitepartye is beperk tot ŉ waarde van R1 000 per geleentheid. Alle geskenke aan buitepartye moet vergesel word van ŉ motivering vir die geskenk.

Enige oorskryding van die limiet van R1 000 moet voor die aankoop van die geskenk voorgelê word aan die VS-hoof of sy/haar gedelegeerde vir aanbeveling vir goedkeuring deur die Direkteur: Finansiële Beplanning en Batebestuur.

Let wel: Onder geen omstandighede mag hierdie geskenke dien as ŉ plaasvervanger vir vergoeding nie.

**REGLEMENT INSAKE PERSOONLIKE BEVOORDELING EN DIE AANVAARDING VAN GESKENKE**

Die waardes soos verwoord in die Strategiese Raamwerk van die Universiteit, noodsaak die Universiteit om te verseker dat die integriteit van die Universiteit Stellenbosch en van die personeel wat hom verteenwoordig, tydens enige transaksie te alle tye bo verdenking of beskuldiging is. Personeellede van die Universiteit skakel ook oor 'n breë spektrum met verskaffers, verteenwoordigers van maatskappye en kontrakteurs, wat in terme van aanvaarde gebruike geskenke as blyke van waardering vir dienste gelewer beskikbaar wil stel. Hierdie reglement orden sodanige gebeure ter beskerming van beide partye.

- Geen personeellid van die Universiteit of lid van 'n personeellid se gesin of 'n raadslid met betrekking tot sy besigheid met die Universiteit, mag enige kommissie/geld of ander monetêre voordeel van enige persoon, maatskappy of ander organisasie ontvang nie, behalwe in die geval van vergoeding vir dienste gelewer, in kontant of in *natura*, en waarvoor die betrokke personeellid in terme van die Reglement vir buitewerk goedkeuring het.

- Enige geskenke of voordele, in welke vorm ook al, insluitend pryse ontvang tydens trekkings, bo die bedrag van R500, moet verklaar word in 'n register wat vir die doel by die kantoor van die Direkteur: Finansiele Beplanning en Batebestuur beskikbaar is en vir die personeel van die Universiteit ter insae beskikbaar is. Die onus om dit te verklaar, berus by die betrokke personeellid.

- Deel van die taakopdrag van personeel van die Universiteit is om 'n netwerk met sakevriende op te bou maar as dit gaan oor onthale vir meer as R500 of voordele soos byvoorbeeld reis- en verblyfvoordele of losie-besoeke, moet dit in die register aangeteken word.

- Daar word vertrou op die oordeel van die personeellede om nie uitnodigings te aanvaar wat hulle gesonde oordeel beïnvloed nie.

- 'n Personeellid mag onder geen omstandighede die status van die Universiteit gebruik om verskaffers, verteenwoordigers van maatskappye, kontrakteurs of wie ook al, tot sy/haar persoonlike voordeel aan te wend nie.

**Kontak afdeling:**
Finansiële Dienste